Graad 4-inligtingsaand
16 Januarie 2019 18:00

1. **Personeel en vakke:**

Vak	Onderwyser(es)	Registerklas
Wiskunde	Sandri Rautenbach	*Graadhoof*
Wiskunde	Natasha Keysr	4W *(Juffrou Sandri tydelik terwyl op kraamverlof)*
Sosiale Wetenskappe (Geografie en Geskiedenis)	Stephan Steenberg	4X
Engels	Marizanne Smith	4Y
Afrikaans	Léandi Taljaard	4Z
Lewensvaardighede:		
- PSW (Persoonlike en Sosiale Welsyn)	Monique Groenewald Igrid Wiggett Marléne Nel	vir 4W en 4X vir 4Y vir 4Z
- Liggaamlike Opvoeding *(Ligg op rooster)*	Marléne Nel Stephan Steenberg	vir die dogters vir die seuns
- Kreatiewe Kunste: - Musiek - Kuns	 Christa Jansen Mariëtte Castelyn Marléne Nel	 vir 4W en 4X vir 4Y en 4Z
Natuurwetenskap en Tegnologie *(NS + TECH op rooster)*	Stephan Steenberg Janneman Opperman Annastien Jordaan	vir 4W vir 4X en 4Z vir 4Y
Rekenaars	Rohan Venter	

2. **Beskrywing** van vakke:
SW = Geografie en Geskiedenis
Lewensvaardighede = **LO** (Liggaamlike Opvoeding)
PSW (Persoonlike en Sosiale Welsyn) ;
Kreatiewe Kunste (Kuns en Musiek)
Punte sal apart op rapport aangedui word, asook die gesamentlike punt.

3. **Wiskunde klasse** word in Gr. 4, 5 en 6 in twee gedeel. Leerders beweeg as registerkas saam, maar verdeel in twee wanneer hulle Wiskunde het. Sorg vir beter individuele aandag. Alle klasse doen egter dieselfde werk. (Graad 4-klasse sal wel eers verdeel word sodra juffrou Natasha Keyser terugkeer vanaf kraamverlof in Maart).

4. **Assistente:**
   - Afrikaans: Elandré Terblache (terwyl juffrou Taljaard aansterk na haar ongeluk)
   - PSW (Juffrou Wiggett): Bernard Jacobs

5. **Dissiplinestelsel:**
   - **Aanprysings:**
     Word op deurlopende grondslag toegeken vir byvoorbeeld,
     - inisiatief
     - eerlikheid
     - leierskapsprestasie
     - gesindheid
   - **Dag tot dag toepassing van dissipline:**
     - Kry negatiewe inskrywings vir oortredings in gedrag, akademie, algemeen.
     - Elke negatiewe inskrywing per sms ook aan die ouers deurgestuur.
     - Leerder kry 3 waarskuwings voordat inskrywings gegee en sms gestuur word.
     - Onvoltooide **huiswerk** - **dadelik** sms, geen waarskuwing.
     - Vir elke 5 negatiewe punte - brief met verslag aan ouers.
       Na 10e - weer brief
       Na 15e - weer brief en sit detensie
       Na 20ste - ouers gevra om met skool se dissiplinêre komitee te bespreek vir oplossing.
     - Oortredings word in vier vlakke verdeel en straf daarvolgens bepaal.

6. **Selfoonbeleid:**
   - Instap - uitstap = **af (geld vir horlosies ook – diens slegs as horlosie)**
   - Toere en uitstappies - **geen**
   - Noodgevalle word hanteer. Kommunikasie sal deur die kantoor of persoon verantwoordelik vir toer, geskied.

7. Geen **speelgoed** in die klas toegelaat nie

8. **Hekke:**
   - Gr. 1 en R sluit 14:00
   - Indien sport/ander aktiwiteite - gebruik asseblief voorste hek.
   - Skool sluit 13:40
   - Nie op die stoepe wag nie - reël vooraf waar kind u kry.
   - Indien laat in die oggend – ouers **moet** leerder by kantoor inteken en ‘n brief ontvang
   - Bankies buite langs die ingang waar ouers vir leerders wag..

9. **Handboeke:**
   - Nuwe handboeke oorgetrek met stewige plastiek en ‘n karton voorin.
   - Leerders ontvang pak van 8 handboeke wat deur die jaar gekontroleer gaan word (elke handboek het die leerder se klasnommer voorin)
   - Pas asseblief op, indien beskadig of verloor - vervang (**R150** per handboek).
   - Ekstra stel in die klas - los dus tuis (slegs Musiek saambring).
   - Sommige naskole het ‘n stel beskikbaar. Vind gerus uit.
   - Moet asseblief nie in handboeke skryf nie.

10. **Boeke:**
    - Elke vak het sy eie kleur - niks anders as plastiek oortrek.
    - Voorblad voorop en vakbeleid eerste binneblad (lees en teken).
    - **Tweetalige Woordeboeke en tydskrifte -** Altyd byderhand hê

11. **Toets- en Wiskundelêers:**
    - Swart toetslêers word in registerklasse gebêre en toetse word tot ‘n week na terug ontvang in leers gebêre. (Positiewe inskrywing vir toetse wat geliaseer word binnne tydperk).
    - Oranje Wiskundelêers word in die Wiskundeklas gebêre met dieselfde reëling.

12. **Departementele boeke:**
    - Verpligtend deur Departement
    - Aanvullend, nie eksamen
    - Kry geleentheid in klas. Indien nie klaar, huiswerk.
    - Geen nasorg

      ➢ Afrikaans, Engels en Wiskunde:
      Aan die begin van elke kwartaal kry papier in boek geplak met weeklikse bladsye en oefeninge wat Vrydae (Engels Woensdae) moet klaar wees.

13. **Skryfbehoeftes:**
    - Maak asseblief seker van alle benodigdhede op die skryfbehoeftelys – gemerk.
    - Ekstra skryfbehoeftes, nie leen nie.
    - “koeverte” - plastiese kleur omslae of sakkies per vak. (soos volgens rooster inpak - vergemaklik wisselling – tassse staan volgens klasnommers).

14. **Huiswerk:**
    - Verpligtend - volledig afskryf. “Buddy-sisteem”
    - Huiswerk aan linkerkant van die bord.
    - Toetse ‘n week voor die tyd aan die regterkant van die bord.
    - Huiswerk word eers in klas gedoen - daar **begin** en **tuis voltooi indien nodig**. (Het meestal genoeg tyd in klas).
    - Ouers kan help - nie doen nie.
    - Inligting benodig vir opdragte:
      ➢ As moet vertaal word - nie in Engels klas toe stuur nie - gee leiding, nie doen nie.

15. **Eksamens:**
    - Twee per jaar - einde van die tweede kwartaal, einde van die jaar.
    - Tydens Junie eksamen, skooldag verloop normal (wissel en assessering). Indien afwesing, geen punte vir assessering.

- Alle datums van assesserings wat bepunt word, voorbereid of onvoorbereid, is reeds skriftelik uitgedeel (yskasbrief) en op die webwerf geplaas.
  Hou streng by program. Indien afwykings - word per sms in kennis gestel.
- Geen opdragte wat punte tel mag by die huis voltooi word nie.

16. **Her-assessering en afwesighede:**
    - Net voorbereide opdragte, nie toetse of eksamens nie. Indien leerder nie deur is nie, mag binne 2 dae vra of kan oordoen. Gemiddeld van twee opdragte.
    - Afwesig - eie verantwoordelikheid om huiswerk in te haal/boek in te handig.
    - Afwesig sonder geldige verskoning (op skrif), geen punt. Vakansie nie verskoning nie.

17. **Rapporte:**
    - Laaste dag van elke kwartaal uitgedeel.
    - Vier rapporte per jaar.
    - Leerder se punt en gemiddeld op rapport.
    - Einde van die jaar promosiepunt (al vier kwartale se punt).
    - Alles gedurende kwartaal gedoen, tel vir punte vir jaarpunt. Berekening van wat jaarpunte is en wat onder eksamen val, deur KABV (Kurrikulum en Asseseringsbeleidsverklaring) bepaal.
    - Gewigte word gekoppel aan opdragte - alles tel nie dieselfde nie, ook gebaseer op voorgeskrewe riglyne.
    - Rekenaars is nie deel van die gemiddeld nie.

18. **Slaagvereistes:**
    - Afrikaans - 50%
    - Ander - 40%
    - Vakke wat geslaag moet word:
      Afrikaans, Engels, Wiskunde, enige ander twee vakke

19. **Spesifiek vir vak:**
    - **Tafels en spelling:**
      - Afrikaans: Soos aangedui agter in skrif op sekere Vrydae. Sal spellyste ontvang.
      - Engels: Weekliks. Lys word in boekie geplak.
      - Wiskunde: Hoofrekeneboekies, tandeborseltafels, spoedtoetse (weekliks in boekie wat in die klas bly), maaltafelboekie.

    - **Afrikaans:**
      - Elke kwartaal se opsommings aan die begin van kwartaal uitgedeel in “Popeye-lêer” geplaas. Leerders leer daaruit.
      - Skrif en ou toetse as aanvullende werk gebruik.
      - Klein A5-brilboekie - speltoetse en hersiening.
      - Kan eie Afrikaanse leesboek in tas hê. Het ook leeshuisie in klas met gr.4-vlak boeke.

    - **Engels:**
      - Skoon A5-boekie - maak eie woordeboek.
      - Moet eie Engelse leesboek (gr.4-vlak) hê.

    - **Wiskunde:**
      - Rooiboeke en “katboekies” Vrydae kontroleer.
      - Memorandumpakkies voor elke toets uitgedeel (antwoorde en opsommings).
      - Skryf in potlood.

    - **NWT:**
      - Lêer waarin werk opgesom word en leer vir toetse net onderstreepte werk in lêer.

    - **SW:**
      - Leer werkkaarte, werk in handboek en inligtingstuk soos op afbakenings aangedui

    - **Kuns:**
      - Opdragte wat gedoen word - tel punte soos enige ander vak - nie afskeep of jaag, kry genoeg tyd.
      - Maak asseblief seker gom en kryte by leerders.

    - **Musiek:**
      - Formele en informele assessering gedurende kwartaal.
      - Skrifte en alle skryfbehoeftes asseblief ingepak word. (twee klasse per week)

    - **Rekenaars:**
      - Leerders doen ‘n leesprogram op die rekenaar en verslae word dan huis toe gestuur.

- **Liggaamlike Opvoeding-kleredrag:**
  - Volgens Departementele vereistes tel LO 30% van LV-punt
  - 20% van daardie 30% is vir punte vir korrekte kleredrag (ook volgens Departementele vereistes).
  - Korrekte drag: (merk asseblief alle klere)
    - ✓ Rooi gholfhemp en navy broek 2 punte (by klerewinkel beskikbaar)
    - ✓ (Enige rooi hemp en navy broek ook 2 punte)
    - ✓ Enige ander gewone klere - 1 punt
    - ✓ Geen/skooldrag - geen punte

20. **Ekstra klasse:**
    - Afrikaans, Engels en Wiskunde vanaf die tweede kwartaal (identifiseer leerders) - Remediërende Onderrig
    - Ander Afrikaanse, Engelse en Wiskunde (hersieningsklasse) ekstra klasse in die week voor ‘n toets.

21. **Omsendbriewe:**
    - Maandae (elektronies)
    - Donderdae enige ander briewe.
    - Ook op webwerf of skakel in by skool se kommunikeerder.

22. **Mediasentrum:**
    - Tweede pouses oop.

23. **Merietefunksie:**
    - Leerders word uitgenooi.
    - Sertifikate:
      - 85% + per vak (90% vir LV)
    - Merieteknopie:
      - Jaargemiddeld van 80% +

24. **Algemeen:**
    - Tiende skooldag – NB (22 Januarie 2019). Bepaal hoeveelheid onderwysers. Minder kinders, minder onderwysers – groter klasse.
    - Nie skryf in werkboeke, handboeke of op toetse nie, veral nie negatiewe opmerkings. Aparte brief welkom.
    - Maak afspraak by kantoor of brief.
    - Geen boodskappe wat aan kinders oorgedra moet word nie.